

OM OOR GOD TE PRAAT

Deur Brand Smit

11/11/2001

Ongelukkig kan dit, om verskeie redes, nie so werk nie. Die idee, soos die titel aandui, is dat ek my opinie moet gee oor 'n sekere verskynsel, naamlik die welbekende begeerte om oor God te praat.

Kom ons begin by die mees basiese vraag: Hoekom wil ons oor God praat (belangrik om te noem, ek beperk myself in hierdie stuk tot die “God” van die Joods-Christelike tradisie)? “Ons wil oor God praat,” sal baie mense antwoord, “omdat God vir ons belangrik is.” “God vervul ’n belangrike plek in ons lewens,” sal ander byvoeg (“die belangrikste plek,” sal ander hulle reghelp). Nog ander sal antwoord, “God is vir ons soos ’n vader, en soos met ons aardse vaders wil ons graag met ons Hemelse Vader ’n verhouding hê.” Is dit nie ’n noodwendige resultaat daarvan as ons God “Vader” noem nie? En as jy praat van ’n verhouding, dan volg dit dat jy darem ’n paar dinge moet weet oor die persoon met wie jy die verhouding het, of met wie jy graag ’n verhouding wil bewerkstellig.

Dis op hierdie punt wat ek die oop spasie aan die begin wil verduidelik. Ongeag of jy teïsme of ateïsme aanhang, as jy praat oor God, praat jy nie oor ’n gebou of ’n berg, of jou gunsteling soort blom nie. Jy praat oor iets waarin mense *glo*, nie iets wat hulle fisies kan aanraak en kan beskryf op ’n wyse wat geverifieer kan word deur onbetrokke ander nie. Maar dit gaan verder as dit: die woorde wat jy kies wanneer jy oor God praat, vorm deel van jou begrip van God, of dit bevestig jou spesifieke begrip van God. God soos jy oor “hom” skryf of praat, word die god waarin jy glo, waarin jy verwag ander moet glo, selfs die god waarin jy moontlik bely, jy nie glo nie.

’n Historiese feit: die idee van “God” (weereens, soos vervat in die Joods-Christelike tradisie) ’n sentrale deel vorm van ’n betekenisvolle persentasie van die wêreldbevolking se werklikheidservaring, en sover deel was van mense se werklikheidservaringe vir solank as wat enige iemand kan onthou, of so lank as wat historiese data opgeteken is. God is nie ’n “iets” of ’n “iemand” wat verlede jaar ’n verskyning gemaak het nie. (Hoewel die konsep van ’n metafisiese, kosmiese entiteit aangetref word in feitlik alle kulture, oor kontinente en tye heen, wil ek weereens daarop wys dat ek die bestek van hierdie essay beperk tot die konsep soos verstaan in Joods-Christelike monoteïsme.)

Hoe gemaak as daar óór God gepraat moet word? Menslike kommunikasie bestaan uit klanke en simbole wat verwys na sekere dinge. As jy ’n klank vorm in jou mond wat hoorbaar is as “tamatie”, weet almal wat bekend is met die stel klanke en simbole van die Afrikaanse taal dat jy verwys na daai rooi ding wat geëet kan word en goed werk in slaaie en op toebroodjies. Maar hoe praat ’n mens oor God? Sommiges sal sê dis maklik – jy maak staat op tekste,

geskryf deur mense wat voor jou gekom het, wat aanspraak gemaak het daarop dat hulle vir God geken het en openbarings van God ontvang het. Ander sal byvoeg dat hulle God ken uit persoonlike ervaring, en dat ook hulle al openbarings van God ontvang het.

Ek kan my vraag effens anders stel: Hoe het mense oor God gepraat vóór hulle vir God geken het, of vóór hulle openbarings ontvang het wat aan hulle spesifieke inligting oor God gegee het? My probleem in hierdie skrywe is spesifiek gemoeid met hierdie aangeleentheid.

Die Franse filosoof Voltaire het gesê, “As God nie bestaan het nie, sou die mens hom geskep het.” ’n Slim spel met woorde, soos vele teoloë sedert die agtiende eeu al uitgewys het. Wat Voltaire moontlik wou bevestig met hierdie stelling, is dat die mens God nodig het; dat die mens nodig het om te wéét dat God bestaan.

As hierdie wete dat God bestaan egter voldoende was, sou daar moontlik ’n resep vir tamatiebredie gewees het op hierdie spesifieke bladsye. Maar net om te glo dat God bestaan, is vir vele mense nie genoeg nie. Hulle wil meer weet óór God. God moet ’n naam hê (of dan ten minste ’n titel). God moet ’n persoonlikheid hê. God moet selfs ’n geslag hê. Die redes vir hierdie menslike aspekte van God is natuurlik dat volgens die boek van Genesis die mens na die “beeld van God” geskape is. En omdat die mens ’n naam het, ’n persoonlikheid het, en óf man óf vrou is, moet vrae rakende hierdie dinge tog ook oor God beantwoord kan word, dan nie?

Is God dus ’n mens? Of is die mens soos God, maar net in staat tot sonde? As God ’n mens is, om watter rede sou hierdie God-mens dan nie so verskyn het aan die trekkende Israeliete in die woestyn nie? Hoekom moes ’n wolk, en vuur die teenwoordigheid van God aandui? En hoekom mag geen gewone mens hierdie mens-God sien wat dan net soos enige ander mens lyk nie? Is die antwoord bloot omdat hierdie God-wat-soos-’n-mens-lyk heilig en sonder sonde was, en omdat ’n aangesig tot aangesig ontmoeting tussen God en die mens-wat-in-staat-is-tot-sonde onaanvaarbaar sou wees in ag genome die heiligheid van God? Of is dit omdat God iets anders is – ’n *teenwoordigheid*, en nie ’n vel en been mens soos ons nie?

Nietemin, die Israeliete het moontlik geglo indien hulle God van aangesig tot aangesig kon sien, hulle een sou sien wat soos hulle lyk. Of, miskien nader aan die kulturele werklikheid van hulle tyd, hulle het heel moontlik verwag om ’n gesig te sien wat hulle sou herken as dié van ’n middeljarige man van Midde-Oosterse afkoms. In kort,

stel jouself Moses voor, en jy sien die “gesig” wat die volk moontlik ver wag het om te sien, as hulle toegelaat was om by die berg op te klim en hulle god van aangesig tot aangesig te ontmoet.

Is dit toevallig, hierdie ding dat die Israeliete se God veronderstel was om te lyk soos een van hulle? Hoe dan gemaak met die Oosterlinge, die Polinesiërs, die Afrikane? Was nie ook hulle geskape na die beeld van dieselfde god wat veronderstel was om te lyk soos ’n middeljarige Israeliet nie?

Wat is die implikasies van ’n antropomorfe beskrywing van God? Die oomblik as ons God aan onself voorhou as Een van Ons – net beter, sterker, eerliker, genadiger, en sonder enige sonde, dan kyk ons, by wyse van spreke, deur die dik wolk waarin God aan die Israeliete verskyn het. Ons doen onself voor as een van die “uitgesoektes van die kinders van Israel” wat aan minder gelukkiges kan sê, “Ek weet hoe God lyk. Hy’t nou wel nie sy hand uitgesteek na ons toe nie, maar ons kon sien onder sy voete was juwele ...”

Wat het die res van die “Kinders van Israel” gedoen terwyl Moses in die geselskap van God vertoef het? Soveel van ’n indruk wat God op hulle gemaak het (Exodus 19:16: “donderslae en blitse en ’n swaar wolk op die berg en die geluid van ’n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het”), het hulle onrustig geraak toe Moses te lank vertoef op die berg (Exodus 32:1: “Hierdie Moses ... ons weet nie wat van hom geword het nie”). Kort daarna het hulle oeroue behoefte aan ’n god “wat voor hulle uittrek” vergestaltung gevind in ’n god wat hulle kon sien, voor wie hulle kon neerbuig, gemaak uit die beste goud wat die volk kon spaar.

Ons sien uit die Bybelse teks God was woedend. “Hy” wou homself verskoon by Moses sodat sy “toorn kon opvlam” en “hy” hulle kon “verteer”.

Aan die een kant het die Israeliete ’n god gehad wat hulle nie kon sien nie, wat in ’n wolk en in vuur aan hulle verskyn het, en wat beraad gehou het op ’n berg wat verbode terrein was solank hierdie god daar was. Aan die ander kant was daar ’n standbeeld van ’n kalf, wat Aäron gegiet en gebeitel het uit goud. ’n Onsigbare god wat wolke, vuur, en oorverdowende klanke gebruik as sy instrumente van teenwoordigheid, versus ’n baie sigbare god wat almal kan sien, wat selfs ’n kind so in die verbystap aan sy neef kan beskryf. (Blykbaar kon laasgenoemde nie veel van ’n arsenaal opkommandeer in sy verdediging nie. Moses het die kalf sonder veel agting of vrees van sy altaar afgehaal, dit in die vuur gegooi, en dit

fyngehaal.) In ander woorde: 'n *onsigbare god*, versus 'n *sigbare god* wat in die onmiddellike god behoeftes van die mense voorsien het, wat hulle beter laat voel het toe hulle eertydse leier te lank vertoef het.

Hoe praat 'n mens oor God? Deur die gebruik van klanke en simbole wat kenmerkend is van 'n spesifieke taal. Deur te praat, in 'n taal wat mense verstaan. Soos die God van die Israeliete in die woestyn wat volgens oorlewering gekommunikeer het deur 'n vertoning van klank en lig, so praat ons ook oor God op 'n manier wat óns verstaan: God-as-mens, God-amper-soos-mens; of dan soos vele aandring, God-soos-een-van-die-mans-van-ons-volk.

Was die klank-en-lig-vertoning die volle wese van God? Of was dit bloot 'n medium om 'n onsigbare god te laat verskyn op 'n wyse wat mense verstaan? Is die beeld wat ons het van God as 'n Moses figuur die volle wese van God? Is die naam, persoonlikheid en geskiedenis van die god wat ons dink ons ken, die volle waarheid? Of is dit die “wolk van God” – die kommunikasiemiddel waarin God *geklee* word, sodat mense 'n manier kan hê om te kommunikeer oor hierdie kosmiese wese waaraan hulle so 'n oer-behoefte het, sodat hulle makliker met hierdie wese in verhouding kan tree – as dit dan van hulle vereis word, of as hulle dit nodig het?

Dit laat ons uiteindelik met hierdie vraag: Op watter punt word die manier-hoe-ons-oor-God-praat ons eie weergawe van die Goue Kalf – die god wat makliker verstaanbaar is, voor wie ons makliker kan neerbuig in aanbidding; die beter visie van wat dit is waaraan ons so 'n sterk behoefte het?

Die mens is 'n ongeduldige wese. Die mens is een wat sêlf 'n plan maak as dit waarvoor gewag word, te lank êrens vertoef, of nie duidelik genoeg vertoon nie. En soos dit duidelik blyk uit die tekste waaraan soveel waarde geheg word vir informasie oor God, vervang ons soms die waarheid met 'n handgebeitelde replika van goud. Of soos dit mag blyk uit nadere ondersoek, vervang ons soms die waarheid oor geslagte heen met iets waar ons eie handwerk aansienlik minder duidelik vertoon – 'n god wat opgebou is uit woorde.

Sal ons moontlik, as ons fyn kyk, iets anders vind as die “Ware God” wat ons dink ons aanbid? Sal ons vind dat ook óns, soos Aäron,

in volle oortuiging uitroep in die aangesig van ons eie gebeitelde afgod, “Môre is daar ’n fees tot eer van die Here!”?

* * *

Wat is die alternatief? Wat gebeur as ons nie vir God kan skets in terme wat ons verstaan nie? Wat gebeur as ons aan die einde moet erken dat ons nie vir God makliker verstaanbaar kán maak nie, of selfs dat ons dit nie behoort te doen nie. Word ons nie dan gelaat met slegs één keuse, naamlik om net doodgewoon te glo nie?

’n Geloof dan, nie gebaseer op sogenaamde feite nie, maar op ’n suiwer keuse. ’n Keuse om te glo, in ’n god oor wie ons miskien nie naastenby so maklik kan praat soos wat ons oor ’n goue kalf kan praat nie; om te glo in ’n god wat ons nie méér soos óns probeer maak omdat dit ons geloof sal vergemaklik nie.

Addisionele Nota, 15 Maart 2011

Glo in wat? Glo in wie? Is dit onvermydelik dat ons uiteindelik moet wéét?

Die dominee sê vir die gemeente: Glo net. Moenie meer wil weet nie. Moenie onnodige vrae vra nie. Moenie kennis soek, of detail, oor iets waaroor niemand werklik kennis beskik nie, of waaroor detail selfs ongoddelik kan wees.

Die gemeente knik: Goed dominee.

Die volgende oggend is die een diaken nog vuur en vlam na die preek. Hy wil die ou langs hom in die bus oorreed om ook by die gemeenskap van gelowiges aan te sluit. Hy vertel hom in breë trekke wat die dominee die vorige dag gepreek het. “Glo net,” sê hy dan.

“Glo in wat?” vra die ou versigtig.

“Glo in God,” antwoord die diaken.

Die diaken kan sien die ou dink diep. Dan, na ’n minuut, kom die onvermydelike vrae: “Maar wat is God? Waarin wil jy hê moet ek glo?”

Wat ons terugbring by die begin. Ons kan nie práát oor God, of skryf oor God, of eens na God verwys as ons nie weet waaróór ons praat, of oor wie nie. Ons gebruik die woord “god” en hoop die ander

persoon weet wat ons bedoel. Dit het ook algemene gebruik geword dat ons die naamwoord gebruik as einaam: God is ons god. Wil mense meer weet, praat ons van Jesus. Wil hulle meer weet van die “Vader” verwys ons hulle dalk na die Ou Testament, die god van Abraham en Dawid en Moses. Wil mense nóg meer weet, trek ons dalk ’n teologieboek van die rak af en hoop ons blaai iets sinvols raak wat ons maklik kan aanhaal, iets wat ’n stop kan sit aan die ongemaklike vrae.

Het die ou Israëliete heeldag oor hulle god gepraat, in hulle geselsies met mekaar, in hulle bemoedigings, in hulle sedepreke? Soos ek dit verstaan, was God nie aangespreek as “god” nie – dit wil sê die universele naamwoord. Hierdie entiteit het ’n naam gehad, maar soos ek dit verder verstaan, was jy in diep moeilikheid as jy hierdie naam gebruik het in ydel gesprek (dis te sê as die gewone Israëliet enigsins die naam geken het).

Wat beteken dit? Dit beteken dit was hoogs ongewoon, strafbaar om die waarheid te sê, om oor God te praat.

“Maar dit het alles verander met Jesus,” sal ’n koor moderne gelowiges weer laat hoor.

Presiese kennis? Duideliker kennis? Kennis oor ... God? Naam? Geslag? Persoonlikheid? Agenda? Voorkeure? Afkeure? Voorkoms, dalk? Weet ons uiteindelik wát God is? Mens? Vlees? Gees? Hoeveel mense kan verduidelik wat “gees” beteken? Word dit dieselfde verstaan in alle tale en deur mense van alle kulture? Wat van as die begrip van die konsep “gees” radikaal verskil van een taal na ’n ander? Wat van matriargale gemeenskappe wat gemaklik is met die idee van God as Vrou? Op watter punt moet die moderne gelowige klippe begin bymekaarmaak vir ’n goeie steniging?

Ons – moderne gelowiges en die amper honderd geslagte wat voor ons geleef het sedert die begin van die Christelike Era – het vir onself ’n helse sloot gegrawe. Ons wil *weet*. Ons het *nodig* om te weet. Ons wil intieme detail hê, want ons begeer ’n intieme verhouding met ons god.

En as ons weer sien word ons manier om óór God te praat, God self. Dan word my manier om oor God te praat die korrekte manier om oor God te praat, en my god die “ware god”. As jou detail verskil van my detail, of dit verskil betekenisvol genoeg van die deklarasie en opsomming van geloof waarop besluit is by die Raad van Nicea in die jaar 325, is jou manier om oor God te praat verkeerd, en jou god ’n valse god.

Kan jou sondes vergewe word as jy 'n valse god aanbid?
Sekerlik nie.

Kan jy hemel toe gaan as jy 'n valse god aanbid? Hoe kán jy?

Kan jy genade verwag? Kan jy hoop op vertroosting? Kan jy bid vir jou geliefdes? Sekerlik nie as jou manier om oor God te praat, vals is nie! Sekerlik nie as dit waaraan jy glo en wat jy aanbid, 'n vals god is nie ...

Ek wil hierdie stuk afsluit deur 'n voorstel te maak: kom ons hou op om oor God te praat. Kom ons verbeel onself ons is soos die ou Israëliete wat dit nie sou durf waag om hulle hande uit te steek om God te probeer aanraak deur die onsigbaarheid nie.

Sekerlik is daar mense wat 'n probleem sal hê met hierdie voorstel. Want as ons nie meer oor God praat nie, as ons ophou om brokkies inligting te versamel oor wat ons dink God is en om hierdie inligting oor en weer te resiteer, hoe kan ons dán van mense verwag om in God te glo? Die antwoord is eenvoudig en voor die hand liggend: Ons kan nie. Ons moet ophou om te praat oor God, en ons moet onself weerhou daarvan om aan te dring daarop dat mense in God moet glo.

Waarmee laat dit ons? Met bestaan en leef as 'n gemeenskap met sekere waardes, eerder as 'n gemeenskap van Glo in God (soos ons God sien), of Aanvaar die Straf. Dit laat ons uiteindelik, so glo ek, met die uitdaging van 'n lewe wat gekenmerk sal word deur vrede, en vreugde, en geduld, vriendelikheid, getrouheid, goedhartigheid, nederigheid, 'n bietjie meer selfbeheersing, maar bowenal, liefde.

Kopiereg (c) 2001 Barend J. L. Smit Alle regte voorbehou.

Bron: BRANDSMIT.NET

Skakel: brandsmit.net/Om_oor_God_te_praat.pdf